

BEGROTINGSTOESPRAAK VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Agbare Speaker, Onderburgemeester, Lede van die Burgemeesterskomitee, Raadshere, Raadslede, Munisipale Bestuurder, Direkteure, gaste, dames en here, goeie middag.

Dit is slegs deur die genade van God dat ons deur die mees uitdagende twee jare gekom het vanaf die datum wat die pandemie die grense van die Republiek van Suid-Afrika binnegekom het. Ons het deur die mees uitdagende tye volhard, ons het die pad van onsekerheid deur die Plaaslike Regeringsverkiesing gestap en ek is inderdaad bevoorreg om vandag hier, voor u te kan staan en hierdie konsepbegroting en ander verwante dokumente vir 2022/2023 en die twee buitenste jare, soos voorgeskryf ingevolge Artikel 16 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur ter tafel te lê.

Laat my toe om die volgende aan te haal:

"Dit was die beste van tye, dit was die slegste van tye, dit was 'n tydperk van wysheid, dit was 'n tydperk van dwaasheid, dit was 'n era van geloof, dit was 'n era van ongeloof, dit was die seisoen van lig, dit was die seisoen van duisternis, dit was die lente van hoop dit was die winter van wanhoop."

Hierdie voorgaande woorde, soos vertaal, wat in 1859 deur die welbekende skrywer Charles Dickens gepubliseer is, beskryf perfek hoe dit is om deur 'n pandemie te leef en te werk. Hierdie aanhaling vind sy relevansie in wat ons as leierskap van Bergrivier Munisipaliteit deurmaak en ervaar op 'n daaglikse basis.

Elke treë vorentoe, word begroet met weerstand van faktore buite ons beheer. Die vordering wat ons maak word vinnig afgewater deur deur die impak wat ons ervaar as gevolg van die "mislukte staat", dit word verder vererger deur die volgehoue elektrisiteitskrisis en die sukkelende ekonomie. Die gewelddadige onluste in Julie 2021 het die geringe ekonomiese herstel wat Suid-Afrika in die eerste helfte van 2021 gemaak het, geneutraliseer asook miljarde rande se skade en gepaardgaande werksverliese in 'n reeds sukkelende ekonomie veroorsaak.

Ons het steeds te doen met die verreikende impak wat die pandemie op die Nasionale ekonomie, die Wes-Kaapse ekonomie, sowel as die Bergrivier plaaslike ekonomie gehad het.

Ons het deur hierdie moeilike tye steeds daarin geslaag om met toewyding ons onderneming teenoor ons gemeenskappe na te kom deur topgehalte en betroubare dienste te lewer en om 'n omgewing te skep waar almal werklik op 'n menswaardige manier kan leef, werk, leer en speel. Dit is ook bevestig deur die opinie van die Ouditeur-Generaal, wat aan Bergrivier Munisipaliteit 'n 6de opeenvolgende skoon audit toegeken het.

Hierdie termyn van die nuutverkose Raad bied aan ons nog 'n geleentheid om ons diensleweringsmandaat uit te voer terwyl ons voortdurend daarna streef om die lewensgehalte van ons gemeenskappe te verbeter.

Die COVID -19 pandemie het ons geleer om die bydrae wat ons gemeenskap tot die Munisipaliteit se prosesse en sy finansies maak, te waardeer en soos ons in saam vorentoe beweeg met ons gemeenskap, kan ek u verseker dat ons, as die beskermers van publieke fondse, sal voortgaan om die uiterste sorg aan die dag te lê wanneer ons finansiële en ander publieke hulpbronne gebruik in die lewering van dienste aan ons gemeenskappe, en ook in die stryd teen Covid-19.

Die Nasionale Tesourie het Suid-Afrika se ekonomiese groeivoorskatting afwaarts aangepas, van 5,1% ten tye van die Mediumtermyn begrotingsrede tot 4,8% vir 2021 en voorspel 'n reële ekonomiese groei van 2,1 persent vir 2022. Oor die volgende drie jaar sal BBP-groei na verwagting gemiddeld 1,8% wees. Dit is baie laer as die verwagte wêreld ekonomiese groeikoers van 4,4% vir vanjaar. Inflasie sal na verwagting tussen 3% en 6% wissel oor die periode van die MTIUR, en die Reserwebank het reeds maatreëls geïmplementeer om die opwaartse tendens in die inflasiekoers aan te spreek. Dit kom ongelukkig teen 'n premie aangesien besteebare huishoudelike inkomste geabsorbeer word deur hoër skuld terugbetalings.

Die Minister van Finansies het in sy begrotingsrede bevestig dat die Suid-Afrikaanse ekonomie reeds vir meer as 'n dekade gestagneer het. Hy het beklemtoon dat volgehoue ekonomiese groei die sleutel is vir werkskepping, die vermindering van armoede, die uitwis van ongelykhede en die verskaffing van 'n beter lewe aan almal.

Die aanvanklike voorspelling vir ekonomiese herstel teen 2023 lyk op hierdie stadium onmoontlik en ons gaan dus voort om te verseker dat munisipale hulpbronne optimaal benut word vir die verbetering van die lewensgehalte van al ons gemeenskappe.

Ek gee graag die volgende kort opsomming van Bergrivier Munisipaliteit se begroting: Die bedryfsinkomstebegroting (kapitaaloordragte en bydraes uitgesluit) beloop R478,751 miljoen. Die grootste deel van die inkomste word verkry uit munisipale eiendomsbelasting en verbruikerstariewe. Bedryfsuitgawes gefinansier uit eie fondse beloop R493,616 miljoen, met die twee grootste kategorieë van bedryfsuitgawes wat bestaan uit salarisverwante uitgawes en grootmaataankope wat 59.7% van die totale bedryfsuitgawes uitmaak.

Die kapitaalbegroting beloop R 74,967,566. Die kapitaalbegroting fokus weereens op infrastruktuurontwikkeling en 67,02% van die kapitaalbegroting word dus geallokeer aan infrastruktuur en ingenieursdienste. Ons stel 'n aansienlike verhoging in kapitaalinvestering voor om kapasiteit vir toekomstige ontwikkeling te skep en om verouderde infrastruktuur wat 'n ontwrigting in dienslewering veroorsaak, te vervang.

Infrastruktuurbesteding wat by die kapitaalbegroting ingesluit is, sal soos volg geallokeer word; Waterdienste R 21,507,435; Elektrisiteit R 8 020 000; Sanitasie-infrastruktuur R 10,423,053 en paaie-infrastruktuur R10,290,078.

Sport- en ontspanningsfasiliteite ontvang R4,925,000 en sosiale en gemeenskapsfasiliteite ontvang R 1,910,000 terwyl die res van die kapitaalbegroting bestaan uit masjinerie en toerusting, meubels, vervoerbates asook rekenaartoerusting wat benodig word in die lewering van dienste aan ons gemeenskappe.

In ooreenstemming met die kapitaalbefondsingstrategie sal 'n nuwe lening van R40 miljoen in die 2022/2023 finansiële jaar opgeneem word. Verdere eie befondsing bestaan uit 'n bedrag van R18,857,000 uit die die Kapitaalvervangingsreserwe. Hierbenewens sal R16,110,566 deur middel van voorwaardelike skenkings tot die 2022/2023 finansiële jaar kapitaalbegroting se finansieringsbronne toegevoeg word.

Personeelkoste bly 'n groot komponent van die munisipale begroting. Die munisipaliteit neem kennis van die huidige ekonomiese klimaat sowel as die bekostigbaarheidsdrempel waarmee verbruikers en belastingbetalers gekonfronteer word. Die munisipaliteit is gebonde aan die kollektiewe bedingingsproses en het geen ander keuse as om voorsiening te maak vir 'n algemene salarisaanpassing van 4,9% nie.

Personeelkoste as 'n persentasie van totale uitgawes is beloop 33.74 % en is binne die norm vir hierdie kategorie van uitgawes, dit sal noukeurig oor die MTIUR bestuur word om te verseker dat dit binne aanvaarbare perke bly.

Die pandemie het inderdaad druk op die munisipale begroting geplaas en inkomste strome neem steeds af en bly moeilik om in te vorder. Die Munisipaliteit was met die aanvang van die pandemie gedwing om laer as normale tariefverhogings te implementeer alhoewel die koste om die dienste te lewer eksponensieel hoër was as die inkomste wat daaruit ontvang is. Ons staan dus in die huidige begrotingsiklus voor die moeilike taak om waar ons moet inhaal en tariewe bogemiddeld moet verhoog om te verseker dat die finansiële volhoubaarheid van die munisipaliteit beskerm word en om te verseker dat die werklike koste van die lewering van dienste verhaal word van diegene wat van die dienste gebruik maak.

Die Nasionale Tesourie beveel munisipaliteite aan om tariefverhogings te motiveer wat hoër is as die boonste punt van die beraamde inflasiekoers, en ons het dus 'n omvattende paragraaf vir elke tariefverhoging in die uitvoerende opsomming van die hoofbegrotingsdokument ingesluit. Die voortgesette styging in die prys van elektrisiteit bly 'n bekommernis en NERSA het bevestig dat die Eskom verhoging aan munisipaliteite 8,61% sal wees wat 'n tariefverhoging van 7,8% aan die eindgebruiker tot gevolg sal hê. Dit moet beklemtoon word dat die finale munisipale tariefverhoging eers bepaal sal word sodra die finale tariefverhoging deur die Nasionale Energiereguleerder bevestig is.

In hierdie moeilike ekonomiese omstandighede word die begrotingskeuses wat die munisipaliteit moet maak tussen mededingende prioriteite en fiskale realiteite meer intens en moet daar met omsigtigheid gehandel word wanneer prioriteite teen mekaar opgeweeg word om te verseker dat daar aan die verwagtinge van die gemeenskap voldoen word. Die uitdaging is om méér met die beskikbare hulpbronne te doen en waarde vir geld te verseker met elke transaksie waar publieke fondse bestee word. Ons bly dus vasberade in ons fokus om te verseker dat belangrike munisipale dienste deur middel van die toepassing van doeltreffende diensleweringseffektiwiteitsmeganismes gelewer word.

Die toepassing van omsigtige finansiële bestuursbeginsels in die samestelling van die munisipaliteit se finansiële plan is nie net noodsaaklik nie, maar ook krities om te verseker dat Bergrivier Munisipaliteit finansiële lewensvatbaar bly en dat volhoubare

munisipale dienste ekonomies en gelykwaardig aan alle gemeenskappe gelewer word, ons sal dus voortgaan om te streef om die lewensgehalte van almal wat in die Bergrivier Munisipale Gebied woon en werk, te verbeter.

Die ekonomiese realiteit het daartoe gelei dat ons moet toesien dat die mees kwesbares deur die deernis-subsidieprogram versorg word en wil weereens almal uitnoui wat kwalifiseer vir die deernis subsidie om aansoek te doen vir die bystand wat beskikbaar is. Kwalifiserende behoeftige huishoudings sal 'n deernis ondersteuningspakket ontvang wat bestaan uit 50 eenhede gratis elektrisiteit, 6000 liter gratis water asook 'n 100% subsidie op 'n standaard huishoudelike vullis- en riooltarief per maand. Huishoudings met 'n gesamentlike huishoudelike inkomste van minder as R5000 per maand sal vir die subsidie kwalifiseer. Daarbenewens sal 'n subsidie van 60% op eiendomsbelasting vir kwalifiserende pensioenarisse wat as hulpbehoewend geregistreer is, verskaf word.

Die Raad sal voortgaan om gemeenskapsdeelname aan programme, planne en strategieë aan te moedig ten einde te verseker dat ons planne in lyn is met die gemeenskap se behoeftes. Ek wil dus alle belanghebbendes, lede van die publiek en belangstellendes uitnoui om aan die begrotingsproses deel te neem deur die gemeenskapsbegrotingsvergaderings by te woon en insette te lewer voordat die begroting ter tafel gelê word vir finale goedkeuring.

Ten slotte wil ek die Begrotingsbestuurskomitee onder leiding van Raadslid Daniels, die Munisipale Bestuurder, die Hoof Finansiële Beampte, die personeel in die Strategiese Dienste afdeling, Begrotingskantoor, Direkteure en ander personeel wat betrokke was by die opstel van hierdie konsepbegroting bedank.

Ek dank u.

RAADSHEER RAY VAN ROOY

UITVOERENDE BURGEMEESTER